# KOERSVAS

Jaargang 10 Uitgawe 197
10 Desember 2021

Koersvas is die mondstuk van die GHG.
Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.
Redakteur: Dr Johan Otto

In **hierdie uitgawe:**
**Redaksioneel**
**Berigte en Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

### Trouseisoen of Huwelik

Dit is weer die einde van nog 'n jaar. Kersfees is op pad. Dit is ook een van die drukste tye van die jaar ten opsigte van troues. Weens verskeie faktore wil dit lyk asof die meeste mense in hierdie tyd trou. So ... trouseisoen.

Met 'n eerste lees van die gedagte kry ons 'n glimlag in die hoekie van ons hart. Wie hou nie van 'n pragtige stralende bruid nie? Wie hou nie van 'n feestelike bruilof nie. In die term is daar egter iets onheilspellends; indien ons nie waaksaam is nie. Seisoene kom en gaan, en so kan dit ook gebeur dat (meer as troues) dat huwelike kom en gaan.

Die ekonomiese wêreld hou van troues, maar nie soveel van huwelike nie. Kom ons kyk na menslike verhoudings vanuit 'n ekonomiese perspektief.

Dit is baie goed dat man en vrou mekaar ontmoet, dat hulle mekaar die hof maak... dit laat immers die geld vloei.... Etes, geskenkies en tye saam loop dan uit op daardie eerste groot uitgawe: die verloofring en dalk selfs 'n verlowingsfees. Dan kom die groot uitgawes wat met trou en wittebrood verband hou. Dit is werklik aardige bedrae wat op troues spandeer word: Lokale, klere, eetgoed, drinkgoed, die tema, die beplanner, die gedrukte uitnodiging; die lys is lank en duur.

Na die troue en wittebrood skop die werklikheid in. Die nuwe paartjie begin hulle pad saam en vir die eerste tydperk loop alles mooi. Kinders word gebore en begin deur hulle fases gaan. Die ekonomie begin dan weer meer as sy pond vleis eis. Waarom minder betaal wanneer meer beskikbaar is. Dit is waar egskeiding inkom. Een huishouding moet twee word, so gou moontlik. Dit is die volgende groot ekonomiese inspuiting. Regskoste, gereelde geskenkies vir die kinders, die opstel van twee huishoudings waar daar net een was en vele meer. Ja, die ekonomie hou van trou, maar hou meer van die siklus wat daarop volg. Die maniere waarop die siklus aangehelp word, is legio.

Die Ou monster is die een wat vele huwelike op die rotse laat loop. Ou koeie uit die sloot, ou gewoontes wat nooit laat vaar is nie, ou stories met nuwe draaitjies, ou inligting wat op die lappe gekom het. Dinge uit die man of die vrou se verlede kan die gelukkige bootjie laat strand. Ken mekaar se verlede goed, aanvaar elkeen se verlede of besluit om die verlede net daar te laat met die rus van die eeue se gesus.

Ontrouheid is 'n wrede daad. Die skok, die seer, die vernedering van ontrouheid - fisies of net emosioneel - het al vele

huwelike laat struikel. Soms eenmalig (dan altyd hoop op herstel), maar soms al jare aan die gang. Dieselfde troos word telkens met reg gegee aan die een wat te na gekom is; dit is nie jy nie, dit is iets in die ander persoon wat hierdie klad op die blad gebring het. Skei formaliseer dan net die realiteit van ver van mekaar wees.

Skielike rykdom en ook skielike armoede, langdurige armoede en gebrek het ironies ook sy besondere bydrae te bied ten opsigte van die siklus om die ekonomie aan die gang te hou. Beloftes van by mekaar bly vir botter of wors, is vergete in tye van gebrek en honger.

Tragies is die trauma wat man en vrou van mekaar kan verwyder. Die skielike dood van 'n kind of persoon baie naby aan een van die twee plaas groot druk op die huwelik. 'n Ongeluk wat die een verlam laat of wat fisiese, intellektuele of emosionele letsels laat. So ook seuns wat in die vorige era as geskende manne van die grens af terug gekom het.

Net so is dit met kinders wat spesiale uitdagings bied. Nee, nie koliek of vreemde diëte nie, maar gestremde kinders na liggaam of verstand kan onhoubare druk op die band tussen man en vrou plaas. Net so kan die uitrek of wegbly van kinders maak dat man en vrou uitmekaar beweeg. Kinders kan ouers se aandag so in beslag neem, dat die leë nes sindroom hulle laat besef hul ken nie meer die persoon wat saam met hulle gaan slaap nie.

Mense verander, bewustelik per besluit, of onbewustelik oorval veranderings ons. Die groot ou, Luiheid, moet nooit onderskat word nie. Man en vrou het mekaar mooi die hof gemaak, hard gewerk aan die bruilof en na die fees ophou werk aan die verhouding, ophou kommunikeer. Die hele tyd verander elkeen van ons; asook die omstandighede waarin ons onsself bevind. Aandag aan kinders of eie loopbaan en stokperdjies maak dat twee vreemdelinge oor tyd dieselfde begroting en van het, maar niks in gemeen het nie.

Daar is nog vele ander faktore wat kan bydra tot die wêreld sy sin gee. Die huwelik is broos en te veel van hulle eindig in die skeihof.

Die werklikheid is dat hierdie brose huwelik met die regte aandag 'n robuuste, maar teer verhouding kan wees wat al die aanslae van die lewe kan weerstaan en daaroor triomfeer. Goeie kommunikasie, gedeelde take, fokus op die toekoms saam en saam in afhanklikheid van God lewe kan maak dat enige paar in lewe en gesondheid 'n 50ste of meer herdenking vier. Ons moet telkens bedag wees op die bedreigings van die lewe. Saam moet man en vrou die wa deur die driwwe van die lewe kry. Gelowiges het die toegevoegde hulp en ondersteuning van die geloofsgemeenskap. Die Here ag die huwelik hoog, soos ook Bybel soos Efesiërs 5 waar die verhouding tussen Christus en die kerk verbeeld word met die verhouding tussen man en vrou.

Elke troue staan voor 'n vurk in die pad. Bruilof en daarna die siklus wat opeindig in óf alleen wees, óf bruilof en huwelik. Die tweede is gevul met vreugde en geselskap. Dit vra egter harde en konstante werk. Die kool is die sous werd. Trou, werk hard aan die huwelik. Pluk die vrugte en geniet die lewe, dit is huwelik-seisoen!

*Indien hierdie tema vir die leser bekend lyk; dit is. Aan die einde van hierdie Koersvas is die Redaksioneel geplaas wat in 2017 in Koersvas 126 verskyn het. Sekere temas bly relevant.*
Ampsdraers en lidmate wat graag sou wou help skryf aan artikels of redaksionele stukke, kan gerus met dr. Otto skakel.

## BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### LEWENSBROOD 2022

Die tiende uitgawe van Lewensbrood is aan die meeste gemeentes versend. So ook aan individue wat dit direk bestel het. Weens ons daaglikse oordenkings op WhatsApp, was die bestellings ietwat minder as in 2020 maar die Lewensbrood bly gewild. Indien u navrae het, kontak gerus vir Ella ella@geloofsbond.org.za voor 15 Desember 2021.

### SUIKERBOSRAND: DS SCHROEDER AANVAAR TWEEDE EMIRITAAT

Ds Jan Schroeder het besluit om te begin rus. Na kosbare werk in die NHKA het hy emeriteer. Hy het beginselvas by die GHG aangesluit en 'n gemeente in Heidelberg begin en opgebou. Tyd haal ons almal in en hy het besluit om nou finaal te emeriteer. Sy afskeidsdiens en funksie vind plaas op 16 Januarie 2022 in Heidelberg. Koersvas sal na die geleentheid daaroor verslag doen.

### DS LOU SWANEPOEL

Ons was hartseer om kennis te neem van die afsterwe van Ds Lou Swanepoel. Sy gesondheid was swak. Ons betuig meegevoel sy geliefdes en naasbestaandes. Die troosdiens sal gelei word deur dy vriend ds Koos van Rensburg en vind plaas op 10 Desember 2021 om 11:00.

### BONDSVERGADERING

Die notule van die vergadering is aan gemeentes uitgepos. Indien daar geen kommentaar of voorgestelde wysigings ontvang word nie, sal die notule as afgehandel beskou word.

### KOERSVAS 2022

Kennisgewing aan almal wat nuusberigte, staaltjies en reklame in Koersvas wil publiseer: Koersvas se datums vir publikasie in 2022 is die volgende;
21 Januarie 2022
18 Februarie 2022
18 Maart 2022
22 April 2022
22 Mei 2022
17 Junie 2022
22 Julie 2022
19 Augustus 2022
23 September 2022
21 Oktober 2022
18 November 2022
9 Desember 2022

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergawe boeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorie boeke
Reklame plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com

**Trouseisoen**
Op ‘n Saterdagmiddag word die paaie oorgeneem deur konvooie troukarre. Met ballonne en lint opgemaak, hoofligte

aangeskakel en toeters wat nie met rus gelaat word nie, word bruide en geleide in statige stoete na en van troulokale vervoer. Die opgewondenheid van troukoors pak almal op pad beet en almal waai, blaas toeter en lag saam.
Sonder die nodige navorsing om dit te bevestig, lyk dit tog asof die meeste getroude pare se huweliksherdenking iewers in laat November of vroeg Desember is. Dit is die seisoen om te trou. Die venues wat so duur en tog vol bespreek is, maak dit duidelik dat dit tog lyk of meer mense nou trou as in ander seisoene van die jaar. Dit is ook opvallend hoe min mense nog tradisioneel in kerke trou. Talle egpare trou in venues, meermaal is dit darem die dominee wat die huwelik bevestig.
Troues van alle soorte word gereël, met as gemene delers die baie geld wat uitgegee moet word. Elke bruid het ‘n eie kleurskema wat aandagtig in die tema ingewerk word, van die geleide wat dieselfde kleur en ontwerpersrok dra, tot die linte wat die dak versier. Die bruidegom en sy makkers het ‘n eie uniform wat ten opsigte van kleur en tema moet inval by die groter prentjie. Elke paartjie strewe daarna om ‘n eie unieke bruilof te vier. En tog is daar altyd onbeplande insidente en ervarings, flaters.
Daar is die statige huwelik wat deur die opstêrsers beplan word. Manelpakke, ‘n troue in die stadsaal met formele etes en formele drag deur gaste is dan ononderhandelbaar. Al moet daar maande en jare gespaar word, alles moet net reg gedoen word. Alles gereël, het die bruid dan onder geleide van die verkeersafdeling met groot fanfare haar langverwagte opwagting gemaak. Die befaamde orrelis het homself reggeskuif om die stadsaal saam met trompetgeskal almal te beïndruk met die triomf klanke van die troumars. Toe kom die kragonderbreking wat eers die Maandag herstel sou word. Alles was so mooi beplan, maar in daardie tyd was kragopwekkers skaars en oorbodig. Gelukkig was daar darem die filharmoniese orkes se trompet-speler wat sy blaas kon bly blaas. Die kragonderbreking kom toe na die eerste drie note van die troumars. Die dominee het gelukkig ‘n harde stem gehad. Niemand het bruid of bruidegom se “ja” gehoor nie. Die toesprake, so netjies beplan, (was saam met die tradisioneel geklede bruidegom se woorde) min ore beskore. Sonder krag was die kos koel, besig om koud te word. Dit was nogtans ‘n uithaler geleentheid en almal het nog die aandenkings wat met sorg gekies is. Die bruidspaar vier darem nog elke jaar ‘n volgende herdenking.
Aan die ander kant van die spoor word daar net so deeglik beplan vir die pragtige dag. Dit sou ‘n intieme sitkamer troue wees met net veertig genooide gaste. Die tema vir die troue was “blou”. Die persoon wat beplan en versier het, het van Ermelo se wêreld gekom, niks verstaan van die drukkende humiditeit van Durban nie. Die manne se strikdassies en gordels is gemaak van donkerblou crepe papier. Met die hitte en benoudheid saam het bruidegom en strooijonkers ongemaklik gesweet en die blou kleursel het in gelyke maat teen die bors afgeloop en van onder teen die maag opgekruip. Op ‘n wit hemp is dit beslis skouspelagtig (blouspelagtig?)
Iewers in die middel was die troue met ‘n onthaal in die skoolsaal. Alles was pragtig versier en rose en roostakke het die atmosfeer romanties omtower. Min

mense het geweet waarom die bruid so kiertsregop bly sit deur al die verrigtinge. Die raaisel is opgelos toe syself daarop gewys het dat roostakke dorings het en dat sy nie teen die roosdorings wou rus nie.
Gaan praat maar met jou predikant, daar is 'n ryke skatkis van staaltjies oor die bruilof- insidente. Die meeste getroudes kan met heimwee vertel van hulle eie trougremlins. In die tussentyd kan ons tydens hierdie trouseisoen met so 'n skewe glimlag wuif en lag.
Kon dit maar net wees dat mense voortgaan met die huwelik soos hulle deurgedruk het tydens die bruilof. Terwyl jy so lag vir die bruidegom se lawwe streke die dag voor die troue, wens hom volharding toe in sy lewe. Lag saam met die bruid, troos haar wanneer sy 'n traantjie pik, maar moedig haar aan om net in die huwelik 'n traan te pik. Waai vir die bruilof stoet met ballon versierde karre en bid die bruidspaar 'n goeie bruilof en 'n lang huwelik toe. Bid dat die troues huwelike sal lewer. Dat die trouseisoen 'n vrug van goeie gesinne sal lewer, dat daar nie 'n barre seisoen van egskeidings sal wees nie.